

20 Junie

God beur sy verslae en moedelose dienaar op!

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 7 (NAV)
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 7:6**

Paulus getuig van vreugde en blydskap, omdat hy Titus in Masedonië ontmoet het en hy hom die Korintiërs se begeerte vertel het om hulle weer te sien. Hy is trots en dankbaar en Hy gee die Here die eer. Hy is vervul met troos en hy loop oor van blydskap. Hy is “opgebeur”, vervul met troos, want volgens hoofstuk 2:12 (OAV) het hy geen rus vir sy gees gehad nie. Hy het onder swaare druk verkeer, daar was aanvalle, verskrikkinge.

“Maar God ...”, so begin ons teksvers, het ingegryp. Hy het hom dubbeld opgebeur met die koms van Titus en die veranderde gesindheid van die Korintiërs. En dit alles het vir hom groot blydskap gebring. God het die bekering gewek, en hulle was hartseer soos God wou hê, want hulle was bedroef tot bekering volgens sy wil. En daardeur het hulle geen skade gely nie.

“Droefheid uit wêreldse oorwegings bring die dood”, maar droefheid tot bekering bring redding. As mens dan treur, treur soos een wie se hoop in Christus is, Hy wat die redding bewerk en deur sy Gees tot bekering ly. God gee die uitkoms en gryp in, ook in menslik hopelose situasies, waar ons geen lig meer sien nie.

Vind jou blydskap in God wat die moedelose en verslae mens opbeur en troos, want uit sy hand ontvang ons dubbele genade, vir nou in 'n troostelose situasie, maar ook vir ewig!

Sing: Psalm 2:6 (1936-beryming)

Ds. Lourens Nel (Derdepoort)